



Kerkstraat
Posbus 60, Piketberg, 7320
TEL: 022 913 6000
FAKS: 022 913 1406
Navrae: Matthew Sheldon (022-913-6078)

12-JARIGE PHALLEN VAN NEEL WEN GOUD BY BERGRIVIER MUNISIPALITEIT SE VIRTUELLE TALENT-KOMPETISIE

20 SEPTEMBER 2022

Bergrivier Munisipaliteit het vir die tweede keer 'n Virtuele Talent-Kompetisie aangebied, waardeur jeugdiges van al nege dorpe hul talente kon wys.

Die finaal van die kompetisie, wat op 27 Augustus 2022 in die N Otto Gemeenskapsaal in Porterville plaasgevind het, is deur Phallen van Neel (12 jaar) gewen. Van Neel het R7 000 gewen. Allen Daniels en Nehuesha Faroo het tweede plek behaal en met RS 000 weggestap, terwyl Davernay Klaase in die derde plek R3 000 gewen het.

Aile deelnemers het 'n geleentheid gekry om te sing, dans of rymklets. Die kompetisie is 'n inisiatief uit die kantoorvan die Burgemeester en het al op 27 Mei 2022 afgeskop op die sosiale media netwerk Facebook. Inwoners van die Bergrivier Munisipale Gebied wie wou deelneem moes 'n video van hulself, waar hulle sing, dans of rymklets instuur. Die video was ook op die Munisipaliteit se Faceboek-blad geplaas vir die kykers om te besigtig.

Die onafhanklike beoordelaars was Jurgen McEwan, Tamaryn Jacobs en Tess&Malgas.


Hierdie geleentheid is geskep vir die jeug tussen 10 en 30 jaar oud. Deelnemers wat deurgedring het na die finaal 'n geleentheid gekry om leiers in die kunstebedryf te ontmoet.

Twaalf (12) deelnemers het deurgedring na die finale rondte (Grand Finale). Hulle is gekies deur vier (4) eksterne beoordelaars van regoor die Bergrivier Munisipale Gebied. Elke deelnemer wat die semi-finale van die kompetisie bereik het, het ook 'n R1000 ontvang.

Die besondere uitdaging om gimnastiek te kan doen, het vir Phallen inspireer om haar talent vir die wereid te wys. Sy is reeds onlangs benoem as SA kampioen en sal die prysgeld gebruik om haar talent te bevorder. Haar droom is om een dag aan die Olimpiese Spele deel te neem.

"Ons moet ons kinders aan meer as net die norm voorstel" het 'n trotse Mev. Laurencia van Neel (Phallen se ma), gese.

Raadsheer Ray van Rooy, Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit, se hy is baie trots om soveel jong mense met ongelooflike talent te sien in die Bergrivier Munisipale Gebied. "Dit is geleenthede soos hierdie kompetisie wat ons jong mense inspireer en hoop gee om na hul drome te streef en om nooit moed op te gee nie. Elke deelnemer is spesiaal en het 'n unieke talent. Dit is



Davernay Klaase in die derde plek.



Phallen van Neel tree op by die Bergrivier Virtuele Talent-Kompetisie.

UITGEREIK DEUR:

[EINDE]

**DIE KOMMUNIKASIE EENHEID IN KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER,
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**



Thunde